



*Levona Alexander  
beartig die teetuin  
by die museum.*



*Noleen Rose,  
administratiewe  
beampte in die  
kerkkantoor, by van  
die ou portrette.*



*Aan huis by  
Demorion en  
Matty Cyster.*



*Eleonore Petersen,  
onderwyser by  
Petite Pre-Primêr.*



*Randall Jethas,  
wat by die  
museum werk.*

*Die musiek van PNIËL  
agtervolg jou oral op die  
dorp, van die museum  
tot by die kerk, deur die  
bodorp en die onderdorp,  
terwyl jy saam met  
die mense kuier of in 'n  
tuin vol reuse-krisante  
ronddwaal ...  
Lien Botha het op  
Stellenbosch se buurdorp  
in die berge gaan kuier.*



*Unity Williams van die  
snyersaak Unicorn.*



*Andrew en Levona Cyster.  
Andrew is 'n oud-skoolhoof.*



*Orrelis Sybil Lackay.*




*Pat Williams,  
eens voorman vir  
Bos & Punt.*



*Helen November  
van Unicorn.*



*Die dahliakampioen  
Roland Williams.*



# PNIËL

**J**Y KAN PNIËL nie ligtelik aandurf nie. Die naam dra op stuk van sake Genesis se verwysing na Jakob se stryd met 'n engel en 'n goddelike openbaring wat beteken "aangesig van God". In Latyn is dit *coram Deo* – vandaar die dorpslied, *Coram Deo*, geskryf deur Freddie Simpson en Rochelle (Lackay) Adams.

Dit is dan ook deur melodie dat die dorp dae later in jou gedagtes bly mymer. Pniël plus of minus 'n deeltteken, met genoeg klinkers en vokale in om die taal te laat rys (met apologie aan Breyten Breytenbach).

Leer Pniël gerus van nader ken met 'n rondleiding deur Matthew (Matty) Cyster, nasaat van Andries Cyster, die eerste geslag Cysters. Matty is 'n afgetrede prinsipaal met 'n passie vir sport, kultuurerfenis en tradisie. Hy's ook voorsitter van die Pniël Erfenis- en Kultuurtrust (PEKT). Deur sy bekendstellings gaan jy die vanne Williams, Adams en Davids gereeld teëkom en gaan jy kúier, want dis nie sommer hallo en koebaai nie.

Die grondgebied waarop Pniël ontstaan het, was die plase Goede Hoop en Papiere Molen. Hier, in die nederige Dwarsriviervallei, is 'n gemeenskap gebore en losgemaak van die kettings van slawerny. Die dorp is gestig in 1843, kort ná die vrystelling van slawe in 1838.

'n Sendinggemeenskap moet 'n kerk hê, en in 1917 is Pniël se Kongregasionalistiese kerk opgerig. Dis die enigste kerk op die dorp en speel 'n sleutelrol in die lief en leed van sy sowat 3 000 lidmate.

Vandag is dit egter musiek en skoolmeesters wat die toonleer tussen Onderstraat en Bostraat bepaal. By ons wegspringplek, die Pniël-museum – wat eens die pastorie was – daag 'n groep leerders van die dorp se laerskool op saam met juffrou Oranje. Terwyl hulle na 'n opvoedkundige video kyk, lei die klankbaan van "We Are the World" (Michael Jackson/USA for Africa) jou deur vertrekke waar portrette van eensgesindes na jou terugstaar. Noleen Rose, die sekretaresse, help om die houtdeure oop te maak sodat meer lig inspoel.

"Ek is op Pniël gebore en is baie trots op onse dorp. Noudat daar 'n nuwe garage met 'n bank en minimark gebou word, skep dit werk vir ons mense," vertel sy.

By 'n paneel met die lys van slawe wat tussen 1699 en 1707 aangeskak is deur Willem Adriaan van der Stel, heers daar 'n stilte: *Unnamed child a Creole 1 year old, Corridon from Madagascar 6 years old, Mars from Bengal 16 years old, April from the coast 17 years old*. Elke naam hou jy vas in jou bitterstil mond.



*Sou iemand wis dat hier op Kersdag aan*



Vertoef gerus by portrette van Pniël se skoolhoofde of talm in 'n aangrensende vertrek vol sportgedenkwaardighede, want later in die dag sal jy leer van Springbokke wat hier gevorm is uit die boesem van die Villagers-rugbyklub, wat al in 1902 gestig is. Rugby het oor die jare amper soos 'n tweede godsdiens op Pniël ontwikkel.

Buite neem Matty jou om die gebou, immer vertellend van die krisante-vereniging, Kerskore of die "Kloefters" van Kloofstraat. Doer onder, deur oker vensters van akkers, skitter die vallei soos 'n juweel.

Eerwaarde Leon Klate se kantoor is aan die suidoostelike deel van die gebou. Wanneer jy hom oor sy van uitvra, vertel hy: "Een helfte van die familie is by die registrasiekantoor as Kluyt aangeteken en die ander helfte as Klate. Ons rus daarby."

Hy is al 17 jaar dominee hier. "Ek dink dit hang af hoe jy jou in 'n



*HEEL LINKS: Matty Cyster gaan staan vir 'n foto. Onder hom gedy sy heimat.*

*LINKS: Koerantleestyd in Rivierstraat.*

*REGS: Portrette van Pniël se skoolhoofde.*



*meer as 1000 mense 'n bord kos en Kersgeskenke gegee word?*

bepaalde kultuur sien en die wisselwerking tussen wie jy is en wat die gemeenskap is. Die uitdagings is universeel: dwelmmisbruik, werkloosheid en om mense te help besef ons leef nie in isolasie nie."

'n Klankgolf kom by 'n mens op terwyl die dominee praat. Die golf is blou en beweeg soos water wat wieg.

"Ek dink goeie dade is terugkerend. Ons dorp is 'n intieme gemeenskap, maar ons moet leer om nie 'n eilandbestaan te voer nie. Die daarstelling van die museum en trust het ons gehelp om tussen polariteite te beweeg."

Sou iemand wis dat hier op Kersdag aan meer as 1000 mense 'n bord kos en Kersgeskenke gegee word?

"Selfs jou erfenis is iets wat nie uitsluitlik is nie. Ons leer meer by andere oor onself. Kinders in kategeese gaan na verskillende skole, van Stellenbosch tot in Kaapstad; die kinders beweeg nou uit. Maar hulle weet hulle het 'n storie wat hulle met trots kan vertel. Wat ons ontvang het, is mos nou nie in 'n fabriek aanmekaargesit nie – dis kultuurgewoontes wat identiteit gegee het."

Ons skuif aan kerk toe om foto's te neem. Buite waak Simonsberg – 'n ontfermende flank. Binne is dit ruim en gemoedelik. "Is dit te hoog vir julle?" vra die orrelis, Sybil Lackay. 'n Groep senior burgers het kom sing. Uit volle bors weergalm *Coram Deo*, soos die sang van mense wat 'n klein oorlog gewen het sonder dat 'n druppel bloed gestort is.

"Om te beweeg in die dorp is nie 'n probleem nie, dis veilig," sê Matty.

Ons gaan drink tee by sy huis in Panoramastraat. In die ry deel hy geheime uit.

"Hier bly Terry Williams, wat proteas kweek. Hy beskik oor 'n uitsonderlike kennis van plante, trouens, in hierdie deel van die dorp was baie kwekerie."

Jy hoor van toeka se kinders wat veldkos geken het – bolle sappige aroenas wat soos verkrimpte aartappeltjies gelyk het. Of paddastoele wat



*HEEL LINKS: Hou jou ore oop vir die voëlstemme. LINKS: Die dorp se begraafplaas. REGS: Ivor (Pity) Myburgh, oud-Springbokrugbyspeler en president van Pniël Villagers. ONDER: Villagers se wapen. HEEL ONDER: Talm in 'n museumvertrek vol sportgedenkwaardighede.*





LINKS: Eerwaarde Leon Klate voor die Pniël Kongregasionalistiese kerk. REGS: Toeka se dae aan die Dwarsrivier. ONDER: Juffrou Oranje en leerlinge van die Primêre Skool Pniël.



gesofistikeerde werk doen. Grond was een kaart en transport vir die hele Pniël. Nou is dit anders met individuele eienaarskap.”

’n Struik vol verbleikblomme sus die tuin. Snoepie die Jack Russel lê by Andrew se voete.

“Jy noem ’n vrug en dit was hier. Rhodes Fruit Farms\* het vir oom Japie September kom haal om sy konfytresep te leer. En dan is daar al die vrugtehandelaars wat begin het by die Early Dawn-perskes wat in Tuinpad gepluk is.”

Dis tyd om ’n vinnige draai te gaan maak by die dahliakampioen Roland Williams en sy vrou, Sylvia. Lewensgroot troon die koppe van sy blommekroos bo hom uit wanneer hy langs die kamma-uil gaan staan wat muisvoëls uit sy tuin moet hou.

’n Klipgooi verder wag Unicorn, ’n bemagtigingsprojek vir vroue wat begin is nadat die destydse Simonsberg-vrugteverspreiders geld vir naaimasjiene gegee het. Deesdae bedryf Unity Williams dit as ’n eenvrousaak. Unity en Helen November is tussen berge lap aan die stik, besig met ’n groot opdrag vir die Boschendal-trust. Reggae-musiek speel oor die draadloos: Big Mountain se “Island of Love”.

in die vroeë herfs plek-plek in die dorpstuine opgeskiet het. Daar was braambosse, boetabessies en gras met ’n saadknoppie wat as froetang bekend was.

“Dit is die Cyster-gronde. As ons teruggaan in die geskiedenis, is almal familie van almal,” vertel Matty. Ons hou by ’n oop stuk grond stil. Daar is jou wrintiewaar ’n bouldrome vir die rolbalspel petanque, wat in 1992 deur die Fransman Alain Pechon aan die dorp bekendgestel is toe hy met ’n stel boules op Pniël kom kuier het.

Matty Cyster gaan staan vir ’n foto. Onder hom gedy sy heimat. “Dit is nou die dorp, die nuwe skool en die kerk is net om die draai. Hier is twee rugby-Springbokke, Pity Myburgh (senter) en Trevor Adams (haker), asook twee Protea-spelers, Henry Williams en Henry Davids. Ons is trots op wat ons hier gekry het.”

Hy laat ’n mens dink aan ’n goeie sheriff. En dan hoor jy voëls, die soet fluitpraat van mak voëls. Is dit een van die naburige huise se veerkinders?

In die motor vertel Matty verder: “Ons is nou juis besig om terug te gaan in die geskiedenis om te sien waar ons regtig vandaan kom. Om nou die slaweherkoms na te spoor, is ’n feitlik onbegonne taak. Doktor [Hans] Heese van Stellenbosch het my vertel van Carel Cyster en Roberta Willemse, twee slawe wat onder in Drakenstein gebly het, maar daar is nêrens enige aanduiding van waar die mense begrawe is nie; ons voorvaders het werklik stof geword van die omgewing. Daar is net niks nie. Dit is die tragiese verhaal wat in die valley lê.”

Ons ry verby tuine waarin bougainvilleas en hibiskusse welig rank, die kleure so intens dat jy Bashews-koeldrank proe as jy daarna kyk.

“Maar ek dink ons het goed weg van ’n slawestiging beweeg. Sommige van die eerste inwoners van Pniël was nie verniet enters en boomsnoeiers van beroep nie. Alle professies word hier verteenwoordig,

## ‘Ek is al 65 jaar hier. Dis erfgronde,

noem dit op: prokureurs, dokters, ambagsmanne. Die Taalmonument, byvoorbeeld: Ons ouens het daar as bouwerk-voormanne gewerk. Ons is baie trots, daar het by geleentheid iets soos 19 skoolhoofde uit Pniël gekom.”

Demorion, Matty se mooi vrou, het ’n sagte stem. “Sy was ’n nooi Feris, dis van Franse herkoms. Hulle het ’n bietjie meer vastigheid as ek, ek hang hier êrens in die lug rond.”

Matty en Demorion het mekaar by die Universiteit van Wes-Kaapland ontmoet en die res is geskiedenis. “Ja, ná die politieke bewuswording op universiteit was die Pniël van my kinderjare nie weer dieselfde nie,” onthou Matty.

Demorion vertel dat Pniël begin ontwikkel het omtrent twee jaar nadat sy en Matty in 1981 getroud is.

Ná tee sak ons terug dorp toe, na die ouer deel in Onderstraat waar Matty se broer Andrew en sy vrou, Levona, gesellig saamkuier met Pat Williams – ambagsman van formaat, eens voorman by Bos & Punt, en nou afgetree. Andrew is ook ’n oud-skoolhoof en sy oë vonkel wanneer hy vertel dat dieselfde manne wat rugby gespeel het, ook krieket gespeel het.

“Almal ken vir almal, bodorp en onderdorp met die kerk as sentrale punt. Daar’s agt Andrew Cysters op die dorp.”

Pat was stut en Andrew was senter; hulle gesels dik stukke rugby. Pat Williams sit die bal oor: “Daai jare het ons mekaar somer help bou. As jou vriend sien jy bou, dan kom help hy. Kinders wil nou se dae meer

## dis hoekom die kinders nie uit Pniël wil gaan nie’



### KIES KOERS NA PNIËL

“Ek hoop nie Stellenbossers gaan my vra waar Pniël is nie. Want dan gaan ek vir hulle sê hulle moet die borde na Die Hel volg ...” vertel Darryl David, organiseerder van die Adam Small-fees wat in Februarie op Pniël plaasgevind het, in ’n onderhoud met die skrywer Naomi Meyer.

Goed, die borde beduie eintlik die pad na die Helshoogtepas. “In Johannesdal en Kylemore en Lanquedoc se rigting,” verduidelik David. “Het jy al daai berge gesien? Asemrowend mooi.”

- Webtuiste: [www.pniel.co.za](http://www.pniel.co.za)
- Lees ook: *Pniël en sy mense*, Cyster, Cyster, Damon & Simpson, Pniël, 2008
- Matthew Cyster: 083 324 7691 – hy sal seker maak jou besoek is ’n verkwiklike ervaring.

Oplaas keer ons terug na ons beginplek, vir ’n gesprek met Levona Alexander wat die teetuin by die museum behartig.

“Ek het eers wegneemetes gehad oorkant die begraafplaas en deesdae hanteer ek ook verskeie funksies,” lig sy ons in. Haar kultjies verklap nog ’n geseënde Pniël-siel.

“Is maar seker die vars lug, en jy’s gewoon jou familie is hier, ek is al 65 jaar hier. Dis erfgronde, dis hoekom die kinders nie uit Pniël wil gaan nie.”

Haar gewildste gereg is “gebakte hoender met ’n glaze oor. By al onse funksies moet ons dit maak. Dis soos Kentucky, maar met ’n sous van appelkooskonfy, Mrs Balls *chutney* en uiesop. Ek het grootgeword met bak en brou, ons is agt susters en een broer. Almal help en bring hulle kosse as ons partytjie het”.

Somer is haar gunstelingseisoen. En sy sal Pniël nie vir ’n ander plek verruil nie.

Wanneer die laatmiddagson oor Papiere Molen se nuwe werf sak, kom plekname soos Masbiekvlei, Sewe Kamers en Die Kloef by ’n mens op. As jy gaan, vertoef ter afskeid net vir ’n wyle by die begraafplaas, want deur die windstem van die denne verbeel jy jou perdalks iemand neurie: “Kyk hoe waai die linte, die linte, die linte, kyk hoe waai die linte want Pniël kry die punte.” ▼

\*Lees meer oor Rhodes Fruit Farms op bl. 89.



BO: Nicholl Davids, Sydney November en David Rudolf sing *Coram Deo* uit volle bors. REGS BO: ’n Blou huis in Starkingstraat. HEEL REGS: Keer huiswaarts met Rivierstraat langs.

LIEN BOTHA; OPENINGSFOTO VAN DIE KERK; RIAAN VERMEULEN